



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die sesde verslag vanjaar.

Politiek

- Die politieke situasie in die Midde-Ooste bly gespanne en daar is steeds geen oplossings in sig nie. Verally die oliemarkte sal van tyd tot tyd deur gebeure in die gebied beïnvloed word.
- Die onrustigheid in baie Afrikastreke, sal steeds internasionale beleggings in die vasteland beperk. Waar die Europese lande egter die afgelope sowat 120 jaar die grondstowwe wat Afrika kan lewer nodig gehad het, het die Chinese dit nou nodig en sal hulle beleggings in hierdie veld doen. Hopelik sal hulle ook benutbare infrastrukture nalaat wanneer hulle klaar gespeel het. Die onrustigheid in Nigerië sal steeds 'n invloed op die olieprys hê.
- Zimbabwe se vermoë om hul ekonomie verder die afgrond in te bestuur, het nog nie 'n einde bereik nie en kan dus stilswyend verder gade geslaan word.
- Plaaslik is die politieke toneel so ietwat aangeblaas deur die staking van staatsdienswerkers, maar het nog nie enige verdere duidelikheid gebring oor die volgende president van die regerende party nie.

Internasionaal

- Aanduidings is dat ekonomiese groei teen 'n sterk tempo voortduur. Daar bestaan egter groot onrustigheid oor die moontlikheid dat inflasie in die algemeen sterker opwaarts sal neig en dat dit tot hoër internasionale rentekoerse sal aanleiding gee.
- Die jongste gegewens toon dat ekonomiese groei in die VSA redelik goed op dreef is en dat daar nie enige vrese is dat 'n resessie in die afsienbare toekoms ervaar sal word nie. In die VK en Euroland is die aanduidings dat ekonomiese groei steeds sterker as verwag is. In Japan is daar tans weer meer onsekerheid oor die mate van groei wat verwag kan word. Die Chinese ekonomie stoom egter onverpoos voort.
- Inflasie is in al die groot nywerheidslande steeds goed onder beheer. Daar bestaan egter kommer dat die huidige baie hoë oliepryse asook die tekorte aan geskooldes wat in baie lande na vore tree, wel die inflasievure sal aanblaas in die res van die jaar en in 2008. Ook in China is die owerhede bekommerd dat die huidige inflasie van sowat 3% in die res van die jaar kan versnel.
- Die aanduidings is dus dat korttermynrentekoerse in die VSA in die res van die jaar sywaarts sal beweeg. Die risiko vir 'n opwaartse aanpassing in hierdie koerse is steeds redelik groot alhoewel die jongste inflasiesyfers op matige prysstygings dui. In die VK, Euroland en China word verwag dat hierdie rentekoerse in die res van die jaar hoër sal neig. In Japan word verwag dat hierdie koerse in 2008 hoër sal beweeg.
- In die VSA neig langtermynrentekoerse ook tans hoër. Die verwagting is dat Britse en Europese langtermynrentekoerse ook hoër sal neig. Selfs in Japan word hierdie opwaartse neiging waargeneem.
- Algemene kommoditeitspryse bly hoog en word ondersteun deur voortgesette groei en lae rentekoerse – verally in Japan. Die aanduidings is dat hierdie situasie nog geruime tyd sal voortduur.



- Die goudprys het die afgelope paar weke verswak weens die vrese dat veral VSA langtermynrentekoerse in die res van die jaar hoër sal beweeg. Hierdie VSA rentekoerse laat ook die dollar verstewig en laat dan die goudprys verswak.
- Die olieprys word steeds ondersteun deur die sterk vraag na energie in die wêreld, bekommernis oor voorraadvlakke in die groot nywerheidslande, die laer produksie van die OPUL kartel, die politieke onsekerhede in die Midde-Ooste en Nigerië.
- Internasionale aandelemarkte het die afgelope week ietwat verswak weens die vrese dat hoër rentekoerse ekonomiese groei en maatskappywinste sal beperk.

Plaaslik

- Plaaslike ekonomiese groei word steeds deur sterk verbruiksbesteding ondersteun. Die instelling van die nuwe kredietwet aan die begin van Junie kan wel 'n aanpassingsperiode veroorsaak, maar besteding behoort op hoër vlakke te bly. Die staking van die afgelope drie weke en moontlike verdere stakings in komende weke, sal ook meebring dat staatsdiens- en ander werkers in die volgende paar maande sal sukkel om hul begrotings te laat klop. Die openbare sektor se besteding aan infrastruktuurprojekte wat nog behoorlik op dreuf moet kom, sal besteding in die volgende paar jaar ondersteun.
- Die jongste Reserwebank gegewens oor die betalingsbalans dui daarop dat daar steeds te veel bestee word en alhoewel die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans as persentasie van die totale ekonomie afgeneem het, bly hierdie syfer van 7% steeds baie hoër as die aanvaarbare syfer van 3%. Gelukkig word die tekort steeds deur die invloed van voldoende korttermyn buitelandse kapitaal finansier. Hierdie invloed kan egter deur hoër internasionale rentekoerse en binnelandse politieke onsekerhede beïnvloed word. Die risiko rondom die tekorte op die lopenderekening en die finansiering daarvan, sal in die res van hierdie dekade nie afneem nie.
- Die sentrale regering se begroting behoort 'n verdere besparing aan uitgawes te toon weens die drie weke lange staking en 'n gesonde surplus word verwag. In die algemeen is daar ook nie tans enige waarneembare probleme met die provinsies se begrotings nie. Die probleme rondom plaaslike owerhede se begrotings word egter steeds nie werklik aangespreek nie en geen oplossings is in sig nie.
- Die aanduiding is dat inflasie in komende maande verdere opwaartse druk sal ervaar weens stygende voedsel- en energiepryse, die eise om hoër lone en salarisse in baie sektore van die ekonomie en die voortgesette sterk verbruiks- en investeringsbesteding. Ek is steeds bekommerd dat inflasie in die res van die dekade op 'n hoër as verwagte vlak kan wees.
- Die tekorte aan kundiges sal voortduur nieteenstaande die onaanvaarbare hoër vlak van werkloosheid. Die huidige staking van onderwysers beloof ook niks goeds vir die matriekuitslae aan die einde van die jaar nie. My bekommernis oor die onderwys- en opleidingsomgewing in die RSA duur voort.
- My verwagting is dat plaaslike korttermynrentekoerse in die res van die jaar en in 2008 verder kan styg. Die aanduiding is dat langtermynrentekoerse ook verder sal styg in hierdie periode.
- Die aandelebeurs sal beïnvloed word deur die gebeure op die internasionale markte asook die plaaslike rentekoersbewegings. Maatskappyresultate sal egter in die res van die jaar steeds die goeie vertoning van die plaaslike ekonomie weerspieël.



Beleggingsomgewing

- Internasionale kort- en langtermynrentekoerse neig tans hoër. Hierdie tendens kan tot in 2008 voortduur.
- Hoër rentekoerse in die groot nywerheidslande sal aandeelbeurse in hierdie lande benadeel omdat dit ekonomiese groei en maatskappywinste sal beperk.
- Stabiele tot hoër VSA rentekoerse kan die dollar in die res van die jaar ondersteun.
- Plaaslike kort- en langtermynrentekoerse sal na verwagting in die res van die jaar verder styg. Dit kan maatskappywinste en dus aandeelpryse benadeel, maar oor die algemeen word verdere groei in die ekonomie verwag weens die sterk besteding deur die owerheidsektor wat nie deur rentekoerse beïnvloed sal word nie.
- Tans word die rand steeds ondersteun deur die voortgesette invloed van korttermyn buitelandse kapitaal. Die groot tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans asook enige verandering in sentimente teenoor die RSA kan die rand laat verswak.

Ulrich Joubert
23 Junie 2007.